**SLEGS VIR UITWENDIGE DIEREGEBRUIK**

# Supatraz 125

*Reg. Nr. G3011 Wet 36/1947*

*NS0 V14/18.3.4/1239 Wet 13/2003*

**WAARSKUWINGS**

**MOET NIE OP PERDE GEBRUIK NIE.**

- Moenie binne sewe dae na laaste dipping vir menslike verbruik slag nie. (Melk afkomstig van behandelde koeie mag onmiddellik na aanwending, vir menslike verbruik gebruik word).
- Hanteer versigtig.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en troeteldiere.
- Ingeval van vergiftiging, ontbied 'n geneesheer en toon die etiket aan hom.
- Alhoewel hierdie middel breedvoerig onder 'n wye verskeidenheid van toestande getoets is, mag dit faal as gevolg van verskeie redes. Indien dit vermoed word, raadpleeg 'n veearts en verwittig die registrasiehouer.

**VOORSORGMAATREËLS**

Beskerm die produk teen uitermatige hitte of koue en teen klammigheid. Verseël die houer deeglik indien die hele inhoud nie gebruik word nie. Vernietig leë houers.

**GEBRUIKSAANWYSINGS**: GEBRUIK SLEGS SOOS AANGEDUI

Slegs vir bespuiting op beeste (handbespuiting of spuitgange).
SUPATRAZ 125 moenie met enige ander dip vermeng word nie.
Die dipmengsel moet vir elke bespuiting vars voorberei word.

**Menginstruksies:**

Meng die benodigde hoeveelheid SUPATRAZ 125 vooraf met water in 'n geskikte houer.
Wanneer deeglik vermeng is, voeg die afgemete hoeveelheid water in opvangput van spuitgang en roer deeglik. Gebruik teen die verhouding van 2 dele SUPATRAZ 125 op 1 000 dele water soos in tabel aangedui.

| SUPATRAZ 125 | WATER |
|---|---|
| 200 mℓ | 100 liter |
| 2 liter | 1 000 liter |

**Versterking:**

Daar word aanbeveel dat nie meer as 500 beeste in die spuitgang op 'n keer bespuit moet word nie, veral waar besoedeling 'n probleem is. Indien meer as 500 beeste behandel moet word, moet 200 mℓ konsentraat vir elke 100 beeste, na 500 beeste, bygevoeg word om 'n doeltreffende neerslag van aktiewe bestanddele op elke bees te verseker, veral waar bosluisoorgedraagde siektes 'n probleem is.

**Herhaaldelike gebruik: Intensiewe bosluisbeheer:**

Wanneer gebruik soos aangedui met weeklikse tussenposes, sal dit intensiewe bosluisbeheer verskaf. Alle diere moet behandel word en 'n onderbreking van die program moet vermy word aangesien hulle dan, indien hulle nie ingeënt is nie, vatbaar sal wees vir verskeie bosluisoordraagbare siektes.

**Behandelings met verlengde tussenposes:**

Onder omstandighede waar daar 'n lae bosluisbesmetting is, kan dit met die verbruiker se diskressie met tussenposes langer as sewe dae, gebruik word. Onder hierdie omstandighede word aanbeveel dat verbruikers van geskikte entstowwe gebruik maak om optimale beskerming van hul beeste teen heersende bosluisoordraagbare siektes te verkry.
**Skurftemyte** – spuit weekliks.
**Luise** – spuit tweekeer met 'n sewe dae tussenpose.

KYRON

***Registrasiehouer:*** *Kyron Animal Health (Edms) Bpk., Reg. Nr. 2004/021847/07, Eenheid 45C, 45 Parkview Straat, Highway Business Park, Rooihuiskraal Uitbr. 31, Centurion, 0157, Suid Afrika. Tel: 0861 247 463.*

KAH/INS102/2022/1